# Hoe is Jesus gekruisig?

**J G van der Watt & S J Joubert**
**Departement Nuwe Testament (Afd B)**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**
**The way in which Jesus was crucified**
*After an overview of various forms of crucifixion in the ancient world, the available archaeological data and artistic renderings of different means of crucifixion are discussed. The New Testament information concerning the crucifixion of Jesus is then discussed and evaluated. It is concluded that, in the view of the absence of convincing literary evidence, the statue representing the 'crucifixion' of Marsyas in the Hermitage museum provides a contemporary example of a possible manner in which Jesus could have been crucified.*

## 1. INLEIDING

Tradisioneel word daar aanvaar dat Jesus met uitgestrekte arms aan die kruis vasgespyker is. Die Latynse *crux imissa* word vandag algemeen beskou as die kruis waaraan Jesus sou gehang het. Tog vermeld die Nuwe Testament nooit eksplisiet dat Hy wel op sodanige wyse gekruisig is nie. Hierdie opvatting berus op 'n bepaalde interpretasie van die wyse waarop Jesus sy kruis sou gedra het en hoe hy aan die kruis vasgespyker is wat, na ons wete, vir die eerste keer deur die kerkvader Origenes voorgestaan is en spoedig tot die dominante voorstelling binne die Christendom ontwikkel het.

Die vroeë kerkvaders se uiteenlopende uitsprake oor die wyse van Jesus se kruisiging werp helaas nie veel lig op hierdie saak nie. Eweneens bring die vroeg-Christelike kuns en simboliek ook geen verheldering nie. Tot op hede is daar in elk geval maar sowat 'n halfdosyn uitbeeldings van Jesus se kruisiging ontdek wat vanuit die eerste vyf eeue dateer (Brown 1994:947).

Wat buite-Bybelse gegewens betref, kom daar heelwat verwysings na kruisigings in antieke geskrifte voor (vgl Afd 2). Tog bied hierdie bronne bitter min inligting rakende die presiese wyses waarop mense wel gekruisig is.

In die lig van 'n gebrek aan primêre getuienis rakende die wyses van kruisiging, bestaan daar na ons mening ruimte om opnuut weer die vraag na die wyses waarop persone in die algemeen, en Jesus in die besonder, gekruisig is, in heroorweging te neem. Hierdie tema dien sigself des te meer aan omdat huidige navorsing rondom die kruisiging van Jesus min of meer konsensus bereik het rakende die tipe kruis waaraan Hy ge-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kruisig sou wees en hoe Hy hieraan vasgeheg is. Opvallend egter is dat hierdie standpunte telkens óf op sekondêre literatuur berus (wat op 'n oorname en eventuele popularisering van die opinies van vorige navorsers berus), óf bloot as onbewese stellings geponeer word.

Ten einde die vraagstelling in breër perspektief te stel, word vervolgens 'n kort oorsig oor die verskillende metodes van kruisiging in die antieke wêreld aangebied. Argeologiese gegewens rakende kruisigings, asook 'n visuele uitbeelding van 'n teregstelling vanuit die derde eeu voor Christus, word ook aan die orde gestel ten einde 'n interpretatiewe raamwerk te verskaf vir die bespreking van die metode van kruisiging wat moontlik op Jesus toegepas kon wees.

## 2. 'N OORSIG VAN KRUISIGINGS IN DIE ANTIEKE WÊRELD

In die lig van die veelvoudige verwysings na kruisigings onder die Perse by Herodotus, aanvaar sommige geleerdes dat hierdie praktyk onder die Perse ontstaan het. Martin Hengel (1977) toon egter in 'n uitgebreide ondersoek na kruisigings in die antieke wêreld aan dat hierdie vorm van teregstelling reeds onder die Assiriërs, die Kelte en die Indiane bekend was. Tog is dit die Grieke onder Aleksander die Grote, maar veral die Romeine wat hierdie metode van teregstelling 'beroemd' (berug!) gemaak het. Daar bestaan byvoorbeeld argeologiese bewyse van kruisigings in Atene reeds vanuit die sewende eeu voor Christus (Brown 1944:945). In die Romeinse wêreld is kruisigings hoofsaaklik vir slawe gereserveer wat hulle aan ernstige oortredings soos rebellie en misdaad skuldig gemaak het. Cicero (*In Verrem* I.5.66) verwys in hierdie verband na kruisiging as die *servile supplicum*, die straf van die slawe.

In die Romeinse provinsies was kruisiging een van die belangrikste maniere om wet en orde te handhaaf. Nie-Romeine wat teen Rome in opstand gekom het, is dikwels op hierdie wyse tereggestel (Schneider 1973). In die Joodse wêreld was steniging die voorgeskrewe straf vir godslasteraars en afgodsdienaars. Hierna moes hulle aan 'n boom opgehang word as teken van die feit dat hulle deur Jahwe vervloek is (Deut 21: 22-23). Daar bestaan wel gedokumenteerde bewyse dat Jode ook soms mede-Jode laat kruisig het. Josefus (*Antiquitates xiii*. 14.2-3) vermeld byvoorbeeld hoedat Aleksander Jannaeus in die Hasmoniese tyd sowat 800 Fariseërs gekruisig het wat hulle teen sy helleniseringsbeleid verset het. In hierdie verband verwys Otto Betz (1993:142) ook na die ophang van tagtig hekse deur rabbi Shimon ben Sheta as 'n verdere voorbeeld van kruisigings in Joodse geledere. Vele Jode was natuurlik ook die slagoffers van kruisiging onder die hande van die Romeinse besetters. In sy *De Bello Judaicum* (5.449-551) beskryf Josefus hoedat die Romeine tydens die beleëring van Jerusalem groot getalle Jode — tot sowat 500 per dag — laat kruisig het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 3. WYSES VAN KRUISIGING

Daar het verskeie metodes van kruisiging voorgekom. Hengel (1977:24) wys byvoorbeeld daarop dat dit in die lig van die beskikbare gegewens moeilik is om 'n onderskeid te tref tussen die kruisiging van lewende persone en die openbare vertoon van die oorskot van 'n dooie (wat op 'n ander wyse tereggestel kon gewees het) aan 'n paal. In beide gevalle is slagoffers aan 'n 'paal' (in Grieks: *σκόλοψ* of *σταυρός*) vasgemaak of vasgespyker.

Vanuit die term *σταυρός* (asook die aanverwante terme *σκόλοψ* of *ξύλον*) wat gewoonlik met verwysing na kruise gebruik is, kan ons niks rakende die aard of die vorm hiervan aflei nie (Dinkler 1967:35-36). Tradisioneel dui hierdie term slegs op 'n paal wat in die grond ingeslaan is waaraan iemand op een of ander wyse opgehang is. Uit die verskillende verwysings na kruisigings in antieke bronne, blyk dit inderdaad ook dat verskillende vorme van teregstelling onder hierdie noemer tuisgebring is. Die mees bekende kruiseling in die antieke tyd, naamlik Polikrates van Samos, is volgens Hengel (1977:24) net aan 'n paal (sonder 'n dwarsbalk) opgehang.

Die Griekse term *κρεμάννυμι* (= 'ophang') word dikwels gebruik ter beskrywing van die feit dat mense aan 'n hout of aan 'n boom vasgespyker en opgehang is (vgl bv die LXX vertaling van Gen 40:19; Deut 21:22; Ester 8:7). Trouens, oortreders binne die Griekse wêreld is dikwels aan 'n houtplank (*tumpanum*) vasgemaak of vasgespyker en dan in die openbaar vertoon en doodgemaak.

Binne die Joodse wêreld was daar ook sprake van die ophang van oortreders aan 'n boom of paal. Hierdie vorm van teregstelling was volgens Weber (1979:9) nie dieselfde as kruisiging nie. Hy wys daarop dat die latere Rabbynse literatuur 'n duidelike onderskeid getref het tussen die ophang van mense aan 'n paal soos in Deuteronomium voorgeskryf, en Romeinse kruisigings.

Hierteenoor meen Kiehl (1990:159-161) en Betz (1993:142) dat daar wel 'n verband tussen kruisiging en die ophang van oortreders, waarna Deuteronomium 21 verwys, binne die Jodedom bestaan het. Vanuit die Tempelrol en die Nahum Pesher van die Qumran-gemeenskap lei hulle onder andere af dat sommige Joodse groepe Deuteronomium 21 geïnterpreteer het as dat dit sou impliseer dat 'n oortreder aan 'n paal opgehang moes word totdat hy dood is, en dat dit nie hier soseer gegaan het oor die tentoonstelling van 'n gestenigde na sy dood nie. 'n Belangrike bewys dat Kiehl en Betz wel reg kan wees in hulle opvatting dat vele Jode Deuteronomium 21 rondom die eerste eeu met kruisigings in verband gebring het, is Paulus se opmerking in Galasiërs 3:13 dat elkeen wat aan 'n hout opgehang is deur God vervloek is.

In die lig van gebrekkige historiese getuienis, is dit nie moontlik om van kruisiging in die antieke wêreld te praat asof dit oral op presies dieselfde wyse toegepas is nie. Veral nie in die lig van die volgende uitsprake van Seneca en Josefus (vry vertaal in Afrikaans) nie:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Ek sien kruise daar staan; nie net een soort nie, maar kruise wat op verskillende wyses gemaak is: Sommige laat hulle slagoffers met die kop na die grond toe hang; andere spyker weer hulle geslagsdele vas; andere strek hulle arms uit aan die dwarsbalk.
>
> (Seneca, *Dialoog* 6; 20:3)

> Die Romeinse soldate het uit woede en uit haat vir hulle gevangenes diegene wat hulle gevang het in verskillende posisies aan die kruise vasgespyker, om met hulle te spot. Hulle getalle was so baie dat daar nie genoeg plek vir al die kruise was nie, en ook nie genoeg kruise vir al die liggame nie.
>
> (Josefus, *De Bello Judaicum* 5.551)

Wat die Romeinse kruisigings rondom die eerste eeu betref, is geleerdes dit min of meer met mekaar eens oor die feit dat die Romeine veral van die volgende twee tipes kruise gebruik gemaak het (vgl bv Hawthorne 1975:1037-1039; Kiehl 1990:126-127):

* Die sogenaamde *crux comissa*, oftewel die kruis wat min of meer in 'n T-vorm was met die dwarsbalk bo-op die vertikale paal, en
* die sogenaamde *crux immissa*, oftewel die kruis waar die vertikale paal bokant die dwarsbalk uitgestaan het.

Vele navorsers (vgl bv Weber 1979; Kiehl 1990) aanvaar voorts dat:

* veroordeeldes gewoonlik eers vooraf gemartel is;
* veroordeeldes die dwarsbalk van hulle kruis (die *patibulum*), wat ongeveer 40 kilogram geweeg het, oor hulle skouers na die plek van teregstelling moes dra;
* 'n bordjie (*titulus*) met die rede vir die teregstelling dikwels rondom die nek van die veroordeeldes geplaas is (hierdie bordjie is eventueel aan die kruis aangebring);
* kruiselinge deur hulle polse of voorarms aan die dwarsbalk vasgespyker of met toue daaraan vasgemaak is, waarna hierdie dwarsbalk bo-op of naby aan die bokant van die vertikale paal vasgeheg is; die kruiselinge se voete is dan aan die kruis vasgespyker of met toue daaraan vasgemaak;
* 'n tipe sitplek (die *sedile*) aan kruise aangebring is waarop die kruiselinge kon rus, maar wat terselfdertyd ook hulle lyding verleng het;



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

* die kruis, waaraan veroordeeldes nakend gehang het, meestal nie hoër as sowat 2 meter bo die grond was nie;
* die bene van gekruisigdes dikwels gebreek is om hulle dood te verhaas.

In die lig van heelwat ontbrekende gegewens rakende die wyses van kruisiging, wend vele navorsers hulle tot bovermelde tipe rekonstruksies oor wat moontlik kon gebeur het. Hierdie rekonstruksies word vandag wyd aanvaar, egter sonder dat die nodige historiese ondersteuning altyd vir sommige van bogenoemde afleidings bestaan[1].

'n Opvallende voorbeeld in hierdie verband is die uitgangspunt onder geleerdes dat kruiselinge meestal slegs die dwarsbalk van hulle kruise, en nie die hele kruis nie, na die plek van teregstelling moes dra. Tog bestaan daar weinig primêre tekste ter stawing van die gebruik om slegs die dwarsbalk van die kruis te dra[2].

Ten spyte van die feit dat navorsers bykans voor die voet aanvaar dat kruiselinge, wanneer die dra van hulle kruis ter sprake was, slegs die dwarsbalk gedra het, bestaan daar, soos hierbo gesê, nie werklik oortuigende primêre getuienis dat dit deurgaans die geval was nie. Plutarchus (*Moralia* 554A) meld byvoorbeeld dat veroordeelde misdadigers hulle kruise (σταυρός) op die rug gedra het. In die verwysings binne die evangelies na Jesus se dra van sy kruis, word die term σταυρός ook gebruik (vgl verder aan). Dit is dus glad nie so voor die hand liggend dat Jesus, en vele ander gekruisigdes, noodwendig net die dwarsbalk van hulle kruis gedra het nie. Dit is inderdaad moontlik dat sommige veroordeeldes die hele kruis, oftewel die houtpaal waaraan hulle gekruisig sou word, na die plek van teregstelling gedra het. In sodanige gevalle is kruiselinge dan slegs aan 'n vertikale paal vasgespyker.

In die lig van die gebrek aan voldoende skriftelike getuienis wend ons ons vervolgens tot argeologiese gegewens oor kruisigings asook na uitbeeldings van teregstellings, ten einde te probeer vasstel of ons hieruit iets wys kan word rakende die wyse van kruisigings in die antieke tyd.

## 4. ARGEOLOGIESE GEGEWENS

In Junie 1968 is 'n bergplek van beendere te Biv'at ha-Mitvar noord van Jerusalem ontdek waar oorblyfsels van 'n man aangetref is wat rondom die begin van die eerste eeu na Christus gekruisig is. Hierdie is die enigste oorblyfsels van 'n gekruisigde wat tot op datum gevind is. Die twee enkelbene van hierdie man was steeds aan mekaar vasgespyker deur 'n ysterspyker van sowat 14cm (vgl Haas 1970:38-59). Stukkies akasia hout is aan die kop van die spyker aangetref, terwyl olyfhout aan die omgebuigde voorpunt gevind is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Haas kom tot die konklusie dat hierdie persoon gekruisig is met sy bene teen mekaar en sy knieë in 'n gebuigde posisie. Hierteenoor beweer Yadin (1973:18-22) dat hierdie persoon se hakke nie aan die kruis vasgespyker is nie. Sy voete is wel aan twee klein houtblokke, die een van akasia en die ander van olyfhout, vasgemaak wat op hulle beurt aan die kruis geheg is. Hy baseer sy standpunt onder andere op die feit dat die geboë spykerpunt, waaraan olyfhout gevind is, nooit vir die vertikale paal van enige kruis gebruik kon word nie. Hiervoor is olyfbome se stam te hard en vervormd. In die lig hiervan lei Yadin dan af dat hierdie man of met sy knieë wyd uit mekaar gekruisig is, of dat hy onderstebo gekruisig is met sy voete as 'n tipe lus bo oor die kruis om te keer dat hy nie afval nie. Eersgenoemde moontlikheid dra na sy oordeel egter die meeste gewig.

John Dominic Crossan (1994:124-127) huldig op sy beurt die opvatting dat hierdie kruiseling se arms met toue aan die dwarsbalk van 'n kruis vasgemaak is, met sy elmboë agteroor gestrek, terwyl sy voete wel aan weerskante van die vertikale paal vasgespyker is. Om te verseker dat hy nie sy voete uit die hout kon trek nie, is 'n klein blokkie olyfhout tussen die spyker se kop en sy hakskeen geplaas.

Hierdie uiteenlopende interpretasies van die argeologiese inligting help ons helaas nie veel in ons poging om iets wys te word aangaande die wyse van kruisiging in die antieke wêreld nie (vgl Sekeles 1985:22-27; Green 1993:198-199).

## 5. UITBEELDING VAN 'N TEREGSTELLING: MARSYAS

Na ons mening is daar 'n belangrike Romeinse standbeeld vanuit die derde eeu v C in die Heremitage museum in St Petersburg wat lig kan werp op die wyse waarop slagoffers soms aan 'n boom of paal opgehang is (en wat as 'n bepaalde vorm van kruisiging verstaan kan word — vergelyk hierbo).


Genoemde beeld is 'n voor-Christelike Romeinse uitbeelding van die Griekse Marsyas-mite. In hierdie mite tel 'n jong skaapwagter, Marsyas, 'n fluit op wat Atena weggegooi het en begin dit te bespeel. Hy spog dat hy selfs beter as Apollo kan speel. Gevolgelik daag laasgenoemde hom tot 'n kompetisie uit, met nege muses as beoordelaars. Uiteindelik wen Apollo hierdie kompetisie. As straf hang hy dan vir Marsyas aan 'n boom op en martel hom totdat hy sterf. Hierdie gewilde mite is op verskeie wyses in die antieke wêreld uitgebeeld. In die Romeinse weergawe van hierdie mite in die Heremitage word Marsyas voorgestel as iemand wat nakend aan 'n boom hang met sy voete 'n paar sentimeter van die grond af. Sy hande is vertikaal bokant sy kop uitgestrek en bo-oor mekaar met toue by die polse vasgemaak (vgl die meegaande sketse).


Soos wat ons maar al te goed weet, weerspieël kuns gewoonlik iets van die gebruike en gewoontes van hulle tyd. In hierdie realistiese beeld het ons waarskynlik dan 'n belangrike voorbeeld van teregstelling aan 'n paal vanuit die Romeinse wêreld.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services


**NOTAS BY MARSYASBEELD**





Let op die posisie van die polse. Die arms en polse is in 'n geskikte posisie vir spykers.

Let op die enkele houtpaal.



Let op hoe naby die voete aan die grond is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Soos wat ons in die vorige afdeling gesien het, het daar verskeie vorms van kruisiging binne die antieke wêreld bestaan. Die enigste gemeenskaplike deler tussen hierdie verskillende vorme van teregstelling, wat onder die noemer van kruisigings resorteer, is die feit dat die veroordeeldes lewendig aan 'n paal of boom opgehang is en daar gelaat is tot en met hulle dood, en selfs nog vir 'n geruime tyd daarna. In hierdie verband sou die uitbeelding van Marsyas dan 'n bepaalde vorm van 'n Romeinse kruisiging uitbeeld waar die veroordeelde aan 'n boom vasgemaak is.

## 6. JESUS SE KRUISIGING: GETUIENIS VANUIT DIE VROEË KERK EN DIE VROEG-CHRISTELIKE KUNS

### 6.1 Die kerkvaders en die vroeg-Christelike kuns

In sy resente boek, *The Death of the Messiah, Volume 2,* bied Raymond Brown (1994: 945-953) belangrike inligting aan ons rakende die kerkvaders en die vroeg-Christelike kuns se opvattings oor die wyse waarop Jesus gekruisig is.

Wat die kerkvaders betref, sê Brown dat Barnabas veronderstel het dat Jesus aan 'n T-vormige kruis gekruis is. Justinus die Martelaar (*Dialoog* 91.2) sê op sy beurt dat die dwarsbalk van Jesus se kruisig bo-op 'n paal gerus het. Die holte waarin die dwarsbalk geplaas is, was volgens hom in die vorm van 'n horing.

Die eerste vroeg-kerklike getuienis van die kruis soos wat dit tans aanvaar word (die sogenaamde *crux immissa*), kom by die kerkvader Irenaeus (*Adv Haeresis* 2.24.4) voor. Tertullianus vergelyk weer die vorm van Jesus se kruis met dié van 'n regopstaande man met uitgestrekte arms (*Ad Nat* 1.12.7).

Brown wys voorts daarop dat die evangelies nie direk sê dat Jesus met spykers aan die kruis vasgeslaan is nie. Dit word afgelei uit gedeeltes soos Lukas 24:39 en Johannes 20:25, 27 waar Jesus die merke aan sy hande (en voete) aan sy dissipels wys. Hierdie motief is deur die vroeë kerkvaders verstaan as sou Jesus aan die kruis vasgespyker gewees het. Die Evangelie van Petrus (6:21) verwys byvoorbeeld na die spykers wat uit Jesus se hande gehaal is; so ook Ignatius. In sy kommentaar op die *Diatesseron* beweer Efraemi dat alleen Jesus se hande vasgespyker was, terwyl sy voete bloot vasgebind was.

Wat die vroeg-Christelike simboliek en kuns betref, sê Brown dat daar binne die sogenaamde 'katakombekuns' vanaf die derde eeu bepaalde uitbeeldings van die kruis (egter sonder die Jesusfiguur) voorkom. Eers in die vierde eeu word sodanige uitbeeldings 'n algemene praktyk.

Wat die Jesusfiguur aan die kruis betref, kom daar slegs sowat ses uitbeeldings vanaf die tweede tot die vyfde eeu voor. Daar is byvoorbeeld 'n tweede-eeuse uitbeelding van 'n misvormde gekruisigde figuur wat op jaspis uitgekerf is. Brown vermoed



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

egter dat dit van gnostiese oorsprong is en dat dit bedoel was om 'n bespotting te maak van die ortodokse opvattinge aangaande Jesus se sterwe. Een van die bekendste uitbeeldings van die tradisioneel aanvaarde vorm van die kruis is 'n muurtekening van 'n gekruisigde met 'n donkiekop wat in Rome gevind is. Dit dateer uit die derde eeu na Christus.

In die lig van die beskikbare gegewens kom Brown (1994:947) tot die konklusie dat die heel vroegste grafiese uitbeeldings van Jesus se kruisigings vanaf die tweede tot die vyfde eeu geen histories bruikbare inligting aangaande die presiese wyse van Jesus se kruisiging aan ons bied nie.

### 6.2 Gegewens uit die Nuwe Testament rakende die wyse van kruisiging

Die vier kanonieke evangelies bevat vier afsonderlike maar verwante narratiewe oor die kruisgebeure, afgesien van die ander verwysings na die kruis in die res van die Nuwe Testament. Die vraag is: bevat hierdie gegewens enige inligting oor die wyse waarop Jesus gekruisig is? Soos reeds genoem, was daar immers 'n wye verskeidenheid maniere waarop mense in die antieke wêreld gekruisig is (Stauffer 1957:127).

#### 6.2.1 'n Oorsig van die relevante gegewens aan die hand van die evangelies

##### 6.2.1.1 Die dra van die kruis

Die Sinoptiese Evangelies is dit eens dat Jesus se kruis deur iemand anders (Simon) gedra is. Uit die formulering van Matteus 27:32 en Markus 15:21 (*ἵνα ἄρῃ τόν σταυρόν αὐτοῦ*) is dit geensins duidelik wat presies gedra is (bv die dwarsbalk, 'n paal, of 'n ander vorm van kruis) nie en ook nie hoe dit gedra is nie.

Lukas (23:26) se formulering interesseer ons egter: *ἐπέθηκαν αὐτῷ τὸν σταυρὸν φὲρεον*. Die woord *ἐπέθηκαν* sinspeel daarop dat die kruis op 'n manier bo-op Simon gesit is. Dit impliseer dat hy die kruis op sy skouer(s) moes dra. Hoe dit gedoen is, is nie uit hierdie gedeelte duidelik nie. (Vrae soos of hy die hele kruis opgetel het of gesleep het kan nie uit hierdie vers beantwoord word nie.)

Johannes (19:17) verskil op hierdie punt van sinoptici se weergawes. Konsekwent aan die verheerlikingsteologie van Johannes, dra Jesus sy kruis self (*βαστάζων ἑαυτῷ τὸν σταυρὸς.*). *βαστάζων* dui op 'optel en dra', sonder om enige aanduiding te gee oor presies hoe dit gedoen is.

'n Sentrale vraag is: Wat presies is gedra? Die opsies is (i) óf die hele kruis, (ii) óf net die dwarsbalk wat soms bo-op 'n paal wat reeds regop geplant is, geplaas is. In hierdie verband is dit opvallend dat al vier evangeliste die woord *σταυρός* gebruik. Nie Liddell & Scott (1979:764-765) of Bauer *et al* (1961:1635) stel dit as moontlikheid dat die Griekse woord na net 'n deel van die kruis verwys nie[3]. Boonop word die woord



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

in die Latynse weergawe van al vier die kanonieke evangelies met *crucis* (=kruis) en nie met *patibulum* (=dwarsbalk)[4] vertaal nie. Die kommentatore wat beweer dat Jesus net die dwarsbalk sou gedra het, verwys deurgaans na die Latynse woord *patibulum*, wat natuurlik hulle argument aansienlik verswak in die lig van die Latynse vertaling van die betrokke Nuwe-Testamentiese gedeeltes.

Die gebruik van *σταυρός* om na die hele kruis te refereer word in die res van die Nuwe Testament bevestig. *Σταυρός* word in 'n verskeidenheid kontekste in die Nuwe Testament gebruik. Daar tree egter geen rede na vore om te vermoed dat dit op iets anders as die hele kruis dui nie. Dit word saam met *λαμβάνω*, *αἴρω*, *βαστάζω* en *επιτίθημι* gebruik om die dra van die kruis (ook figuurlik) aan te dui (vgl Matt 10:38; 16:24; 27:32; Mark 8:34; 15:21; Luk 9:23; 14:27; 23:26; Joh 19:17). In verskeie kontekste word daar na die kruis as geheel verwys met klem op die plek waar iets gebeur (bv Matt 27:40, 42; Mark 15:30, 32; Joh 19:25,31; ietwat anders, maar tog met dieselfde basiese strekking is Fil 2:8, Kol 1:20 en Heb 12:2). In Johannes 19:19 en Kolossense 2:14 word genoem dat die nota aan die kruis vasgeslaan is, wat ook generies op die hele kruis dui. Die kruis (as geheel) refereer ook na teologiese aspekte in verskeie kontekste (bv 1 Kor 1:17, 18; Gal 5:11; 6:12, 14; Ef 2:16; Fil 3:18; Kol 1:20; 2:14).

Daar is dus geen getuienis in die Nuwe Testament daarteen dat Jesus die hele kruis kon gedra het nie. In soverre as wat daar indirekte afleidings gemaak kan word, lyk dit of die Nuwe Testament eintlik nie anders praat as oor die hele kruis nie. Die verwysing na die dra van die dwarsbalk word nie deur die woordgebruik of enige konteks spesifiek bevestig of selfs naastenby 'vereis' nie. Daar word ook geen simboliese of indirekte verwysings hierna in die Nuwe Testament aangetref nie. In die verband moet daar dus beklemtoon word dat die argument ten gunste van die dra van die dwarsbalk deur Jesus op 'n gebruik berus wat in die antieke tyd sou bestaan het (vergelyk die bespreking van die historiese gegewens hier bo). Daar bestaan egter nie omvattende of duidelike gegewens oor hoe algemeen die gebruik was nie. As hierdie argument dus gebruik word om af te lei dat Jesus met uitgestrekte arms op 'n dwarsbalk aan die kruis vasgespyker is (en dit is waarskynlik die sterkste argument wat vir die tradisionele kruisvorm uit die Nuwe Testament aangebied word), staan die hipotese op uiters wankelrige bene.

### 6.2.1.2 Die beskrywing van die kruisiging self

Die evangelies bevat geen beskrywing van hoe Jesus gekruisig is nie, maar stel die feit net kort en kragtig: *καὶ σταυρῦσιν αὐτὸν* (Mark 15:24; *σταυρώσαντες* — Matt 27:35; *ἐσταύρωσαν* — Luk 23:33 en Joh 19:18). Hier word niks gesê van die manier van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kruisiging nie, byvoorbeeld of daar spykers of toue gebruik is om sy liggaam aan die kruis vas te kry, of sy arms oopgespalk is of nie, of hy eers aan 'n dwarsbalk vasgesit is en toe teen 'n regop paal opgehys is of nie[5].

Indien daar na die gebruik van die werkwoord *σταυρόω* in die res van die Nuwe Testament gekyk word, is daar ook geen aanduiding van die manier van kruisiging of die vorm van die kruis self nie. In die volgende tekste word doodgewoon na kruisig as aksie sonder verdere eksplikasie verwys: Matteus 20:19; 23:34; 26:2; 27:22, 23, 26, 31, 35, 38; 28:5; Markus 15:13, 14, 15, 20, 24, 25, 27; 16:6; Lukas 23:21, 23, 33; 24:7, 20; Johannes 19:6, 10, 15, 16, 18, 20, 23, 41; Handelinge 2:36; 4:10; 1 Korinthiërs 1:13, 23; 2:2, 8; 2 Korinthiërs 13:4; Galasiërs 3:1 en Openbaring 11:8. Die kruis as figuurlike uitdrukking vir die aflê van verkeerde begeertes word ook sonder verdere uiteensetting in Galasiërs 5:24; Handelinge 2:36; 4:10; 1 Korinthiërs 1:13, 23; 2:2, 8; 2 Korinthiërs 13:4 en Galasiërs 3:1 aangetref (vgl ook Galasiërs 6:14).

Uit hierdie kriptiese verwysings na die kruisigingsprosedure kan dus geen duidelikheid of enige hulp verkry word oor die wyse waarop Jesus gekruisig is of hoe die kruis gelyk het nie. Die kriptiese hantering van hierdie gegewens deur die evangeliste hang waarskynlik saam met die gebruik van daardie tyd om nie die grusame kruisgebeure gedetailleerd te beskryf of simbolies voor te stel nie.

### 6.2.1.3 Die titulus

Markus (15:26) maak geen opmerking oor die posisie van die *titulus* nie (*καὶ ἦν ἡ ἐπιγραφὴ τῆς αἰτίας αὐτοῦ ἐπιγεγραμμένη*). Matteus (27:37) asook Lukas (23:38) spesifiseer die plek waar die *titulus* gehang het as *καὶ ἐπέθηκαν ἐπάνω τῆς κεφαλῆς αὐτοῦ τὴν αἰτίαν αὐτοῦ γεγραμμένην* en *ἦν δὲ καὶ ἐπιγραφὴ ἐπ' αὐτῷ*, onderskeidelik. Johannes (19:19) stel dit so: *καὶ ἔθηκεν ἐπὶ τοῦ σταυροῦ*. Interessant genoeg maak Brown (1972:901) die opmerking dat daar geen ander getuienis uit antieke dokumente bekend is wat verwys na 'n *titulus* wat aan 'n kruis vasgemaak is nie.

Die *titulus* is volgens die beskikbare Nuwe-Testamentiese getuienis op 'n manier bokant Jesus se kop vasgemaak. As aanvaar kan word dat dit aan 'n deel van die kruis vasgemaak is, beteken dit dat die kruis bokant Jesus se kop moes uitsteek. Grosheide (1954:431) sien hierdie verwysing na die *titulus* aan die bokant van die kop van Jesus as genoegsame bewys dat die kruis 'ons bekende kruisvorm' (*crux imissa*) was (Brown 1972:901; Gnilka 1988:472). Daardeur sou sekere kruisvorms dan uitgeskakel word, byvoorbeeld die T-vorm. Tog moet die moontlikheid dat die *titulus* op 'n paaltjie of stokkie bokant die persoon se kop vasgesit kon gewees het, nie buite rekening gelaat word nie. As na Johannes se woorde gekyk word, kon dit selfs gewees het dat die nota op 'n manier bo-op die kruis staan gemaak is. Dit sou dus die T-vorm nie heeltemal as moontlikheid uitskakel nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Tog lyk dit meer waarskynlik dat die *titulus* aan die kruis self vasgemaak is. Beide Matteus en Lukas sê dat dit bokant Jesus (se kop) vasgemaak is. Dit maak die moontlikheid van die tradisionele vorm of net 'n gewone paal (vgl die Marsyasbeeld waar daar 'n stukkie hout bokant die gekruisigde se kop uitsteek) meer waarskynlik.

### 6.2.1.4 Die afhaal van die kruis af

Matteus gee geen beskrywing van hoe Jesus se liggaam van die kruis afgehaal is nie, maar sê bloot (27:59): *καὶ λαβὼν τὸ σῶμα ὁ Ἰωσὴφ*. Dit is 'n uitbreiding op Markus (15:46) se *καθελὼν αὐτὸν*, wat deur Lukas (23:53) oorgeneem is. Johannes (19:38) sê weer: *ἵνα ἄρῃ τὸ σῶμα τοῦ Ἰησοῦ*. Die getuienis uit al vier evangelies stel dit bloot dat Jesus se liggaam afgehaal en weggeneem is. Van die wyse waarop Hy afgehaal is, word niks gesê nie.

Dit is merkwaardig, aangesien dit destyds nie so maklik was om 'n vasgespykerde liggaam van die kruis af te kry nie. Die spykers moes goed ingekap gewees het en is oënskynlik soms omgeklink. Dit lyk ook moontlik dat die vasgespykerde hande en die voete soms selfs afgekap is om die liggaam vinniger af te kry. As in ag geneem word dat die helpers van Jesus in 'n wedloop teen die naderende sonsondergang (Sabbat) was[6], sou soiets dus 'n moontlikheid kon gewees het. Die moontlikheid hiervoor word selfs groter as opgemerk word dat volgens Matteus 27:58-59 Josef skynbaar nie self die liggaam van die kruis afgehaal het nie, hoewel Markus 15:46 en Lukas 23:53 egter sê dat Josef dit wel gedoen het. Soldate sou waarskynlik nie dieselfde respek vir die liggaam gehad het as wat sy dissipels sou gehad het nie. Daar is egter geen direkte getuienis om hierdie gedagte te bevestig nie. Dit sou ook teen die getuienis ingaan dat Jesus se bene nie gebreek is nie (Joh 19:33, 36). Uit hierdie gegewens tree daar ook geen getuienis na vore wat lig werp op die vorm van die kruis of die gebruik van spykers nie.

### 6.2.1.5 Die merke in die hande en of voete van Jesus

Nie Markus of Matteus vermeld enige spykers nie en noem glad nie die merke in die hande of voete van Jesus nie. Lukas (24:39-40) noem wel dat Jesus sy hande en voete vir sy dissipels wys (*ἴδετε τὰς χεῖράς μου καὶ τοὺς πόδας μου ὅτι ἐγώ εἰμι αὐτός ψηλαφήσατέ με καὶ ἴδετε ... ἔδειξεν αὐτοῖς τὰς χεῖρας καὶ τοὺς πόδας*). Dit is in die konteks van sy dissipels wat gemeen het dat Hy 'n gees sou wees. Sy hande en voete moes toe as bewys daarvan dien dat dit Hy is en dat Hy vlees en bloed is. Daar word egter glad nie na die (spyker)merke in sy hande en voete verwys nie (Marshall 1978: 902). Dit is 'n aanname wat gemaak word In die lig van wat in die vorige punt gesê is oor die manier waarop die liggame soms van die kruis afgehaal is, veral as daar haas was (Joh 19:31), mag die verwysing na die hande en voete hier selfs meer impliseer as net spykermerke — die opmerking is egter bloot spekulatief.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Johannes het in die Tomasepisode die duidelikste getuienis hieroor: *ἐὰν μὴ ἴδω ἐν ταῖς χερσὶν αὐτοῦ τὸν τύπον τῶν ἥλων καὶ βάλω τὸν δάκτυλόν μου εἰς τὸν τύπον τῶν ἥλων* (20:25) en *φέρε τὸν δάκτυλόν σου ὧδε καὶ ἴδε τὰς χεῖράς* (20:27). Hier word die spykers in die hande direk genoem. Dit is interessant dat hier geen melding gemaak word van die voete van Jesus nie. Dit word alleen in Lukas gedoen. Verder lyk dit uit die getuienis van Johannes of daar meer as een spyker gebruik is, soos uit die meervoud *τῶν ἥλων* asook die gebruik van die meervoud vir 'hande' (*χερσὶν*) blyk. Tog word daar in die enkelvoud na die *τὸν τύπον* (plek van die spykers) verwys.

Dit is interessant om daarop te let dat die twee vroegste evangelies nie na die hande of voete van Jesus verwys nie. Die twee latere getuies, Lukas en Johannes, wat dit wel noem, se getuienis stem ook nie ooreen nie. Daarbenewens verwys Lane (1979:564-565) daarna dat die gebruik van spykers nie so wyd beskryf word in die antieke literatuur nie. Hoe en waar die skykers dus ingeslaan is, is ook nie seker nie. Byvoorbeeld, is die voete net vasgespyker as die paal te kort was en die voete aan die grond geraak het? (Vgl die Marsyasbeeld vir hoe naby iemand se voete werklik van die grond af kon wees. Iemand wat 'n bietjie langer is, se voete sou maklik die grond geraak het.) Wanneer is toue gebruike en wanneer spykers? Hoe is gekeer dat die spykers nie uitskeur nie?

Twee ander gedeeltes is ook hier relevant. Die werkwoord *προσηλόω* (= vasspyker) kom in die Nuwe Testament net in Kol 2:14 voor waar genoem word dat die skuldbrief aan die kruis vasspyker word. Hier word nie na Jesus verwys nie, maar wel na die gewoonte om 'iets' aan die kruis vas te spyker. Die 'iets' hoef nie noodwendig 'n persoon te wees nie, maar kan ook die *titulus* wees. In die konteks word daar immers na 'n nota en nie na 'n mens verwys nie. Vir ons doeleindes is hierdie vers dus ook nie van veel waarde nie.

In Handelinge 2:23 word *προσπήγνυμι* gebruik as aanduiding van die wyse waarop Jesus doodgemaak is. Hierdie woord word veral gebruik vir vasmaak aan iets. As dit na kruisiging verwys, is daar 'n moontlike sinspeling op die gebruik van spykers, hoewel dit bloot na kruisiging as sodanig ook kan verwys (vgl byvoorbeeld Bauer *et al* en Louw & Nida, *ad loc*).

Uit hierdie getuienis van Johannes, Paulus en moontlik Lukas ook, asook die argeologiese getuienis blyk dit of daar met redelike sekerheid aangeneem kan word dat Jesus wel met spykers aan die kruis vasgemaak kon gewees het. Of beide sy hande en voete aan die kruis vasgespyker is, bly onseker.

#### 6.2.1.6 Die moontlike hoogte van die kruis

Volgens Johannes (19:29) het die sodate 'n spons op 'n hisoptakkie gesit en dit teen die mond van Jesus gehou. Dit is welbekend dat die hisoptakkie te swak is om 'n spons regtig hoog op te lig (Schnackenburg 1976:284; Lindars 1987:581). As Jesus egter aan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n paal sou hang (nie met sy hande uitgestrek nie), sou sy mond waarskynlik binne die bereik van uitgestrekte arms van die soldate kon wees. Die hisoptakkie sou dan nie lank hoef te gewees het nie. Dan sou dit dus wel moontlik kon wees om 'n hisoptakkie te kon gebruik. Dit is duidelik uit die posisie van die figuur op die Marsyasbeeld.

Markus (15:36) se getuienis verskil hiervan, aangesien daar volgens hom van 'n *καλάμη* (= riet, strooi) in plaas van 'n hisoptakkie gebruik gemaak is. Met so 'n riet sou dit wel moontlik gewees het om die spons met suur wyn hoër op te lig. Selfs só kon die kruiseling egter nie te hoog gehang het nie (Grosheide 1954:431).

Uit hierdie beskikbare gegewens kan die hoogte van die kruis dus nie werklik vasgestel word nie, hoewel die gebruik van die hisoptakkie die kruis as paal ondersteun. Lane (1979:565) beweer dan ook dat die hoogte na gelang van die behoefte kon wissel. Gewoonlik was die paal net lank genoeg om die persoon se voete van die grond af te hou (vgl ook die Marsyasbeeld). Tog argumenteer hy dat Jesus se kruis wel hoër was om twee redes: die soldate kon Jesus se mond nie met die hand bykom nie en daar is vir Hom geskreeu om 'af te kom'. Brown (1972:898) stel die hoogte op sowat nege voet.

Ook hier word ons met 'n verskeidenheid van getuienis gekonfronteer wat beteken dat daar nie besliste uitsluitsel oor die hoogte van die kruis uit die beskikbare getuienis gekry kan word nie.

### 6.2.2 Die gebruik van as *ξύλον* ('kruis') in die Nuwe Testament

'n Tweede terrein wat ondersoek verdien, is die gebruik van die selfstandige naamwoord *ξύλον* in kontekste waar daar na die 'kruis' verwys word. Vyf teksgedeeltes is in hierdie verband van belang, naamlik Handelinge 5:30; 10:39; 13:29; Galasiërs 3:13 en 1 Petrus 2:24.

Alvorens aan hierdie kontekste aandag gegee gaan word, is 'n oorsig oor die ander gebruike van die woord in die Nuwe Testament van belang. In Handelinge 16:24 verwys die woord na die houtblok wat aan die voete van gevangenes vasgemaak is. In 'n hele aantal kontekste word die woord bloot gebruik om na hout as 'materiaal' te verwys (vir byvoorbeeld knuppels, huishoudelike produkte, bouwerk of afgode)[8]. Verder word *ξύλον* gebruik as deel van 'n plant (boom), soms ook in metaforiese sin[9]. Die woord verwys dus hoofsaaklik na 'hout' as 'materiaal' waarvan iets gemaak is of kan word. In die geval van die houtblok vir die voete van die gevangene, is die aard of vorm van die houtblok nie primêr van belang nie, maar die feit dat dit van hout gemaak is. Vir die onderhawige onderwerp is dit van belang, aangesien die feit dat *ξύλον* vir kruis gebruik word, primêr na die materiaal van die kruis en nie noodwendig na die vorm van die kruis hoef te verwys nie. Waar *ξύλον* dus gebruik word, hoef daar nie noodwendig met 'boom' of 'houtpaal' vertaal te word nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In Handelinge 5:30 word *ξύλον* gebruik as aanduiding van die manier waarop Jesus doodgemaak is (*ὃν ὑμεῖς διεχειρίσασθε κρεμάσαντες ἐπὶ ξύλου*) en word gewoonlik met 'kruis' vertaal (Schneider 1973:39). *Κρεμάννυμι* + *ἐπί* kom drie maal in die Nuwe Testament voor (verder ook in Hand 10:39 en Gal 3:13) en dui daarop dat Jesus aan iets hang. Die woord *κρεμάννυμι* is byvoorbeeld gebruik vir die ophang van 'n dier aan sy pote, die ophang van 'n skild en so meer. Soortgelyke gebruike word in die Nuwe Testament aangetref[10]. Uit die gebruike is dit duidelik dat die 'dat' van 'hang' maar nie die 'hoe' van die hang deur die woord gedek word nie. *Διαχειρίζω* verwys na die feit dat die Jode Jesus in die hande gekry het en hom doodgemaak het. Dat die kruis daar was om 'dood te maak' is duidelik. Uit hierdie gedeelte kan niks afgelei word oor hoe die kruis sou gelyk het of oor die metode van kruisiging nie. Terloops, dit is tog interessant dat kommentatore hier dikwels dadelik die gebruik van *ξύλον* interpreteer as 'n sinspeling op Deuteronomium 21:22, sonder om genoegsaam daarvoor toe te laat dat *ξύλον* self ook 'kruis' kon beteken (bv Grosheide 1942:178-179).

In Handelinge 10:39 word dieselfde uitdrukking as in Handelinge 5:30 aangetref: (*καὶ ἀνεῖλαν κρεμάσαντες ἐπὶ ξύλου*). Die verwysing na die kruis dui hier ewe-eens op die wyse waarop Jesus doodgemaak is, naamlik aan die kruis. Die Griekse woord *ἀναιρέω* word meestal in die Nuwe Testament gebruik vir 'doodmaak', maak nie saak op watter wyse nie[11]. In hierdie geval gaan dit om 'doodmaak' deur te 'kruisig'. Oor die wyse van kruisiging self word niks meer hier gesê nie.

Handelinge 13:29 bied 'n interessante verwysing: *καθελόντες ἀπὸ τοῦ ξύλου*. Hulle het Jesus van die kruis afgehaal. Hier word weereens geen aanduiding gegee van hoe dit gedoen is nie.

Deuteronomium 21:22-23 word in Galasiërs 3:13 aangehaal: *Ἐπικατάρατος πᾶς ὁ κρεμάμενος ἐπὶ ξύλου*. Hierdie aanhaling gaan terug op 'n Ou-Testamentiese gedeelte waar daar na 'n boom of houtpaal verwys is. In Galasiërs 3:13 word dit met die kruis van Jesus verbind. Paulus sien dus 'n verband tussen die houtpaal en die kruis. Reeds met die vertaling van die Septuagint het die gedagte dat Deuteronomium 21 net na dooie liggame verwys wat aan 'n houtpaal of boom gehang is, begin vervaag en het dit na kruisiging ook begin verwys (Bertram 19745:917; vgl ook Betz 1979:152). Hierdie gedeelte in die Nuwe Testament maak dit moontlik om tog te oorweeg of Jesus nie aan 'n houtpaal gekruisig is nie. 'n Gedeelte soos Johannes 3:14 kan hiermee saam gelees word. Daar word die kruis van Jesus vergelyk met die slang wat deur Moses in die woestyn verhoog (*ὑψόω*) is. Hoewel die vorm van die paal geen rol in hierdie gedeelte speel nie, is dit tog merkwaardig dat Johannes kan voel dat die kruis van Jesus met die paal van die slang vergelyk word. Dit is dus interessant dat beide hierdie gedeeltes die indruk van 'n paal eerder as die tradisionele kruisvorm laat. Daarmee



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

saam moet egter onthou word dat die klem nie in een van die twee aangehaalde gedeeltes op die kruis as sodanig val nie, maar in Galasiërs se geval op die vloek wat daarmee saamgaan en in Johannes se geval met die soteriologiese gevolge daarvan.

In 1 Petrus 2:24 word daar na die heilsbetekenis van die sterwe van Jesus verwys deur te sê: *ὃς τὰς ἁμαρτίας ἡμῶν αὐτὸς ἀνήνεγκεν ἐν τῷ σώματι αὐτοῦ ἐπὶ τὸ ξύλον*. Die voorsetsel *ἐπί* dui waarskynlik op die feit dat sy liggaam aan die hout gehang het. Daar word na die 'wonde' aan die kruis ook verwys: *οὗ τῷ μώλωπι ἰάθητε*. Μώλωψ verwys egter nie na die wonde wat deur spykers gemaak is nie, maar na wonde wat deur houe veroorsaak is. Hier is dus nie 'n verwysing na die wyse van kruisiging deur spykers nie.

Nie uit een van hierdie gebruike kan daar oortuigende inligting oor die vorm van die kruis uit die teks self afgelei word nie. Die vraag is egter of die gebruik van *ξύλον* deur die Nuwe-Testamentiese skrywers nie tog in die rigting van 'n houtpaal kan dui nie? Indirekte ondersteuning kom uit gedeeltes soos Galasiërs 3:13 en Johannes 3:14. Immers, daar moet uitgegaan word van die taalkundige veronderstelling dat die skrywers *ξύλον* bewustelik in plaas van *σταυρός* verkies het.

Dit wil dus blyk of die vroegste getuienis rakende die vorm van die kruis sterker in die rigting van 'n houtpaal neig as in die rigting van 'n tradisionele kruisvormige kruis. Hierdie argument moet egter nie te ver gevoer word nie. *ξύλον* kan enigiets aandui wat van hout gemaak is, afgesien van die vorm daarvan. (Liddell & Scott 1961:1192, noem verskeie voorbeelde van gebruike waar *ξύλον* na byvoorbeeld 'n galg aan 'n boom, 'n houtblok wat om die nek of die voete vasgemaak is, 'n tafel, ensovoorts verwys.) Die materiaal van die items is in fokus en nie die vorm van die ding wat uit hout gemaak is nie. Tog moet hier in ag geneem word dat *ξύλον* meestal na 'n paal of 'n boom verwys as dit gaan oor dinge of mense wat opgehang word. Daarom mag 'n houtpaal nie as moontlikheid vir die kruis van Jesus buite rekening gelaat word nie; inteendeel.

### 6.2.3 Konklusies

* Daar is geen getuienis oor hoe die kruis presies gelyk het nie. Veral is daar nie getuienis wat in die rigting van die 'tradisioneel aanvaarde' kruisvorm dui nie, behalwe miskien die 'dra van die dwarsbalk', wat ook betwyfel moet word. Indirekte getuienis ondersteun eerder die moontlikheid van 'n paal, wat ook 'n erkende manier was om mense te kruisig.

  Dit blyk dus of die Nuwe Testament die antieke afkeur van die uitbeelding of beskrywing van die grusame fasette van die kruisiging respekteer. Desnieteenstaande die 'skandalon' van die kruis het hulle nogtans nie van die feit van die kruis afstand gedoen nie, maar dit inderdaad as die sentrum van hulle kerugma bly sien.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

* Dit lyk of Jesus aan die kruis vasgespyker is, hoewel daar nie met sekerheid gesê kan word of dit sy hande én voete was en of dit net sy hande was wat vasgespyker is nie. As 1 Petrus na die wonde van Jesus verwys, is dit nie die spykerwonde nie, maar die géselwonde. Verwysings na die 'bloed van Jesus' hoef dus nie na die bloed uit die spykermerke te verwys nie, maar na die bloed wat gevloei het as gevolg van die marteling.

* Die afwesigheid van sekere gegewens is ook belangrik. Nêrens word daar enige simboliek aangetref wat by die uitgestrekte arms van Jesus aansluit nie. Dat daar wel op simboliese wyse van die kruis gebruik gemaak is, is byvoorbeeld duidelik uit Johannes 3:14 en 12:32, waar die 'oplig' met (dualisitese) redding in verband gebring word. Dit is dus ook nie noodwendig dat Jesus met uitgesterkte arms aan die kruis gehang het nie. Hy kon ook soos Marsyas aan 'n enkele paal gehang het.

## 7. GEVOLGTREKKING

* Die enkele argeologiese fonds van 'n gekruisigde werp weinig lig op die wyses van kruisiging in die antieke wêreld. Die Marsyasbeeld bied egter na ons mening 'n belangrike kontemporêre uitbeelding van 'n moontlike kruisiging wat beslis as argeologiese materiaal in hierdie debat verreken moet word.

* In die lig van die gegewens uit die antieke tekste oor die wyse van kruisiging blyk dit dat daar geen uniforme metode van kruisiging bestaan het nie. Die enigste gemene deler tussen die verskillende maniere van kruisiging is dat 'n persoon lewendig aan 'n vertikale paal of hout opgehang is. Daar moes hy bly hang ten minste tot en met sy dood. In die lig van die ontbrekende Nuwe-Testamentiese en vroeg-Christelike getuienis rakende die presiese manier waarop Jesus gekruisig is, kan daar nie summier saam met die algemeen gangbare voorstelling aanvaar word dat Jesus se kruis 'n *crux imissa* was nie. Die populêre voorstelling van die kruis met 'n dwarsbalk (*patibulum*) word binne Christelike konteks word eers relatief laat (Origenes) met die kruis waaraan Christus sou gesterf het, verbind.

* Binne die vroeg-Christelike kuns en simboliek bestaan daar ook geen uniformiteit oor die wyse waarop Jesus gekruisig sou gewees het nie. 'n Bydraende faktor tot die spaarsamige uitbeelding van die kruissimbool binne die vroeë Christendom is die feit dat die vis en nie die kruis nie, skynbaar hulle vernaamste identiteitsmerker was. Daarbenewens was die kruis in verskillende vorme 'n algemene simbool by sowel die Jode as ander volke in die Mediterreense wêreld.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

* Die gegewens in die Nuwe Testament bots op geen punt met die uitbeelding van die teregstelling van Marsyas nie. Die moontlikheid bestaan dus dat Jesus op 'n soortgelyke wyse gekruisig kon gewees het.

## Endnotas

1 Om hulle argumente in hierdie verband rakende die dra van slegs die dwarsbalk te ondersteun, haal 'n groot aantal navorsers die werk van Josef Blinzler (19) aan (bv Hengel 1977:25; Gnilka 1973:315). Andere aanvaar genoemde praktyk gewoon as 'n algemeen aanvaarde feit wat geen verdere attestasie benodig nie (bv Burke 1987:829; O'Collins 1992:1208-1209).

2 Plautus (250-184 vC) verwys in sy *Carbonaria* wel na die dra van die 'patibulum' deur die stad na die plek van teregstelling ('patibulum ferat per urbem, deinde offigitur cruci').

3 Bauer *et al* (1979:764-765) laat in hulle inskrywing geen ruimte daarvoor dat hierdie woord vir 'dwarsbalk' gebruik kan word nie, maar sien die leksikaliese betekenis van hierdie woord as die kruis as geheel. Hulle noem wel in navolging van Hengel, dat die dwarsbalk soms gedra is, maar verbind dit nie met hierdie woord nie. Liddell & Scott (1961:1635) verwys ewe-eens na die regop paal of kruis as leksikografiese betekenis van die woord. Die dwarsbalk word nie vermeld nie. Louw & Nida (1988:57) noem egter dat die woord '*probably*' na die dwarsbalk kon verwys. Hulle motivering hang nie saam met die woordgebruik nie, maar met die feit dat 'n gebruik wel bekend was waar die veroordeelde die dwarsbalk gedra het (vgl by die bespreking van die historiese gegewens).

4 Heelwat geleerdes veronderstel dat hier moontlik net na die dwarsbalk verwys kon word. Vergelyk byvoorbeeld Grosheide (1954:429), Grundmann (1972:557), Lane (1979:562), Gnilka (1988:471), Kysar (1986:286) *et al.* wat dit ongemotiveerd as moontlikheid stel. Taylor (1974:587) verwys spesifiek na die *patibulum*, maar haal die Griekse teks van Plutarchus (*De ser num. vind. 2.554a)* aan wat van *σταυρός* gebruik maak. Hy stel *σταυρός* en *patibulum* eenvoudig gelyk aan mekaar. Dit is nie duidelik op grond waarvan hy hierdie afleiding maak nie. Uit die kommentare is dit duidelik dat die gedagte dat Jesus die dwarshout gedra het, doodgewoon gedeelde kennis is wat ongereflekteerd in een kommentaar na 'n ander so oorgeneem word.

5 Ook as daar deur kommentatore beskrywings gegee word van hoe kruisigings destyds verloop het, word daar sterk gesteun op 'algemeen gedeelde kennis' wat maar net van kommentator tot kommentator oorgedra word sonder dat die inligting deeglik geweeg of ondersoek word. Die beskrywing wat gevolg word, is die een van Blinzler (vgl hierbo) wat ook in Stauffer (1957:127) gereflekteer word (vgl ook Brown 1972:900; Lane 1979 *ad loc*; Bruce 1983:367; Kyser 1986 *ad loc* en andere.

6 Lane (1979:580) stel die tyd wat beskikbaar was, op sowat twee uur.

7 Matteus (27:34) en Lukas (23:36) noem wel dat daar aan Hom suur wyn aangebied is, maar daar word nie gesê hoe dit gedoen is nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

8 Byvoorbeeld Matteus 26:47, 55; Markus 14:43, 48; Lukas 22:52; 1 Korinthiers 3:12; 2 Timotheus 2:20; Openbaring 9:20; 18:12 (vgl ook Schneider (1973:37).

9 Byvoorbeeld Lukas 23:31; Openbaring 2:7; 9:20; 22:2, 14, 19.

10 Die ander gebruike in die Nuwe Testament sien soos volg daaruit:

* 'n Meulsteen word om die nek gehand (περί): Matt 18:6;
* Die wet en profete hang aan die gebooie (ἐν): Matt 22:40;
* Een van die rowers het aan die kruis gehang: Luk 23:39;
* Die slang hang van Paulus se hand af (ἐκ): Hand 28:4.

11 Vergelyk Matteus 2:16; Lukas 22:2; 23:32; Handelinge 2:23; 5:33, 36; 7:28; 9:23, 24, 29; 10:39; 12:2; 13:28; 16:27; 22:20; 23:15, 21; 27; 25:3, 26:10; 2 Tessalonisense 2:8.

## Literatuurverwysings


Bauer, W, Arndt, W F, Gingrich, F W, & Danker, W 1979. *A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature.* 2nd ed. Chicago: University of Chicago Press.

Bertram, G 1974. s v *κρεμάννυμι et al* *TDNT.*

Betz, H D 1979. *Galatians.* Philadelphia Fortress.

Betz, O 1993. Crucifixion, in Metzger, B M & Coogan, D C (eds), *The Oxford Companion to the Bible.* Oxford: Oxford University Press.

Blinzler, J 1969. *Der Prozess Jesu.* 4. Aufl. Regensburg: Friedrich Pustet.

Brown, R E 1972. *The Gospel according to John.* London:Chapman.

——— 1994. *The death of the Messiah, Vol II: From Gethsemane to the grave.* London: Geoffrey Chapman.

Bruce, F F 1983. *The Gospel of John.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

Crossan, J D 1994. *Jesus: A revolutionary biography.* San Francisco: Harper.

Dinkler, E 1967. *Signum Crucis: Aufsatze zum Neuen Testament und zur christlichen Archaologie.* Tubingen: Mohr.

Gnilka, J 1979. *Das Evangelium nach Markus,* 11. Teil. Zürich: Benziger Verlag.

Gnilka, J 1988. *Das Matthäusevangelium,* II. Teil. Freiburg: Herder.

Green, J B 1993. Crucifixion, in Hawthorne, G F, Martin, R P & Reid, D G (eds), *Dictionary of Paul and his letters,* 197-199. London: Intervarsity Press.

Grosheide, F W 1942. *Der Handelingen der Apostelen, I.* Amsterdam: Van Bottenburg.

Grosheide, F W 1954. *Het heilig evangelie volgens Matteus.* Kampen: Kok.

Grundmann, W 1972. *Das Evangelium nach Matthäus.* 3. Teil. Berlin: Evangelische Verlagsanstalt.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Haas, N 1970. Anthropological observations on the skeletal remains from Giv'at ha-Mitvar. *IEJ* 20, 38-59.

Hawthorne, G 1975. Cross, in Tenney, M C (ed), *Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible*, 1037-1039.

Hengel, M 1977. *Crucifixion in the ancient world and the folly of the message of the cross*. Philadelphia: Fortress.

Kiehl, E H 1990. *The passion of our Lord*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

Lane, W L 1979. *The Gospel of Mark*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

Liddell, H G & Scott, R 1961. *A Greek-English lexicon*. 9th ed. Oxford: Clarendon.

Lindars, B 1987. *The Gospel of John*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

Marshall, I H 1978. *The Gospel of Luke*. Exeter: Paternoster.

O'Collins, G 1992. Cross, in Freedman, D N (ed), *Anchor Bible Dictionary*. New York: Doubleday.

Schneider, J 1973. s v *ξύλον et al TDNT*.

Sekeles, E 1985. The crucified man from Giv'at ha-Mitvar: A reappraial. *IEJ* 35, 22-27.

Stauffer, E 1957. *Jerusalem und Rom im Zeitalter Jesu Christi*. Franke: Bern.

Taylor, V 1974. *The Gospel according to St. Mark*. 2nd ed. London: Macmillan.

Weber, H R 1975. *The cross: Tradition and interpretation*. London: SPCK.

Yadin, Y 1973. Crucifixion and epigraphy. *IEJ* 23, 18-22.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services